Nuusbrief 5
11 April 2025

HOËRSKOOL HENNENMAN

# NUUSBRIEF

## Uit die Skoolhoof se pen...

PER LABOREM AD FINEM

### Liewe Ouers

Baie welkom terug na die vakansie!

Wat 'n voorreg om ons wintersportspanne gisteraand te kon bekendstel! Dankie vir elke ouer wat teenwoordig was! Dit is vir seker 'n belegging in u kind se menswees en toekoms!

Baie sterkte vir hierdie besige kwartaal met al sy aktiwiteite – ons sien uit daarna om u langs die sportveld en by ons ander aktiwiteite te sien.

Soos u weet is daar baie vakansiedae gedurende hierdie kwartaal. Ons doen 'n beroep op u om asseblief te verseker dat u kind(ers) onder geen omstandighede onnodig skool mis nie. Elke skooldag is kardinaal om sillabusse betyds af te handel.

Ons eerste hokkiespan speel eerskomende Saterdag (12 April) om 10:30 hulle eerste wedstryd teen Welkom High, tuis. Die wedstryd vind op die rugbyveld by die skool plaas. Kom ondersteun asseblief ons dogters! Dit is verpligtend vir alle graad 8's wat in Hennenman bly. Toegang is gratis.

Sien julle daar!

Geniet die naweek!

**Vriendelike groete**
**Brenda Hoffman**

### HOK (HENNENMAN ONDERSTEUNERSKLUB)

Ons nooi u graag uit om 'n lid van HOK te word! Lidmaatskap is R150 per persoon en word aangewend om behoeftige leerders rondom buitemuurs te help. U as lid ontvang gratis toegang tydens tuiswedstryde en die geleentheid om heerlik na 'n tuiswedstryd, in die sportkamer saam te kuier en te braai.

Kom wees ook deel van hierdie inisiatief!

### OUERAAND PER AFSPRAAK: DINSDAG, 15 APRIL
### (Let asseblief op die datum wat verander het!)

U kind ontvang Maandag sy/haar rapport. Dit is baie belangrik dat u hierdie rapport goed bestudeer en 'n **afspraak** met die personeel van die vak(ke) wat u kind druip of waaroor u bekommerd is, te maak.

OM 'N AFSPRAAK TE MAAK:
Skakel asseblief vir me. Lucille Wepener in die kantoor VOOR Dinsdag 12:00 om 'n afspraak te maak.

Vakveranderings vir graad 10 en 11 sluit reeds Woensdag, 16 April. Indien u onseker voel oor u kind se vakkeuse, of voel dat hy/sy moontlik van vak moet verander, maak gerus 'n afspraak met daardie betrokke vakonderwyser. Die personeel staan altyd gereed om u met raad te bedien.

Gebruik asseblief hierdie geleentheid om by u kind se akademie betrokke te raak!

### TOERE EN KAMPE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Gedurende die vakansie het ons o.16-rugby en eerste hokkie-, netbal- en rugbyspanne baie geslaagde toere/klinieke/toernooie bygewoon.
Ons vertrou dat elke span waardevolle kennis en ondervinding met die oog op die liga, opgedoen het.

Baie dankie aan elke onderwyser, afrigter, ouer en leerder wat hulle tyd opgeoffer het om ons leerders op hierdie toere te vergesel. Baie dankie ook vir elke borg wat ons spelers ondersteun en die geleentheid gegee het om hierdie toer mee te maak. Ons waardeer julle!

14 leerders het die #Imagine-kamp bygewoon en na 'n volgepakte naweek geesvervuld na Hennenman teruggekeer. Ons weet dat elkeen wat daar was, ongelooflike seën ontvang het! Mag dít wat hulle ervaar het elke dag sigbaar wees in hulle lewens en ook 'n impak op hulle maats maak!

Alle eer aan die Here wat ons kinders veilig op ons paaie bewaar het!